



# GESKIEDENIS

Tydens 'n komiteevergadering van die Pretoria Landbou Maatskappij in **1896** het die agenda voorsiening gemaak vir die stigting van 'n **Transvaalse Landbou-Unie**.

FT Nicholson word beskou as die stigter van die **Transvaalse Landbou-unie**.

Tydens die eerste kongres word die regering versoek om 'n Departement van Landbou in te stel.

Van **1899 tot 1902** woed die Anglo-Boereoorlog. Met Brittanje se Verskroeiende Aarde-beleid word plaashuise afgebrand, gesaaides en veestapels word vernietig en vroue en kinders word in konsentrasiekampe geïnterneer.

**TLU** speel 'n belangrike rol om landbou na verloop van die oorlog weer op te bou.

By die sesde kongres in Januarie **1905** in Standerton het die **TLU** gevra vir die daarstelling van 'n Landbank.

'n Landbank het sy deure op **4 November 1907** geopen.

JP Kleynhans word in **1922** as die sekretaris van die **TLU** aangestel. Hy word beskou as die vader van die idee van boeredae.

Mev Arendse word in **1934** die eerste vroulike hoofbestuurder van die **TLU**.



Op **29 September 1897** is die **TLU** gestig. JJ Enschede word tydens die stigtingsvergadering as die eerste President aangewys.

In **1904**, by die vyfde kongres, is 'n pleidooi gelewer vir die totstandkoming van 'n 'Centrale Zuid Afrikaanse Landbou vereniging'. In Julie **1904** is die 'suster kolonies' na Pretoria genooi om die saak te bespreek en in **1905** word die Suid-Afrikaanse Landbou-unie gestig.

Tydens die negende kongres in **1908** lig die destydse President van die hoogtepunte uit wat deur die Unie tot stand gebring is, waaronder die stigting van 'n landboukool, die stigting van 'Proefboerderijen', die publikasie van 'n landboutydskrif en vele meer.

Edith O'Connor stel 'n vroue-afdeling vir die **TLU** voor nadat sy vrou-alleen boer na haar man se afsterwe. Die eerste tak van die Transvaalse Vroue-Landbou-unie (**TVLU**) word in **1925** gestig.

In **Augustus 1944** spog die Uitvoerende Komitee met 'n boufonds van #6 500 geormerk vir die bou van 'n boereklub, kantore en konferensiesale.

Die distrikslandbou-unie Koedoesrand bied op **24 September 1992** 'n besondere Boeredag vir al die jong boere onder 35 in die distrik Baltimore aan.

**TLU** se Veiligheidskomitee kom in **1991** tot stand omdat die situasie op die platteland so ontwikkel het dat die landbouer nie meer ongestoord kon voortgaan met sy primêre taak van voedsel- en veselproduksie nie.

**TLU** Streekskantore word in **1971** geopen.

In **1967-'68** staan die **TLU** ledetal op 24 000 lede.

Op **31 Mei 1958** word die eerste vlag van die **Transvaalse Landbou-unie** in gebruik geneem.

1944

Die eerste **TLU**-gebou – in Strubenstraat, Pretoria – word in **1956** in gebruik geneem.



13 000 boere woon op **6 Mei 1993** 'n massavergadering vir boere op Potchefstroom by. Ultimatus word aan die owerheid gestel oor wetgewing wat hulle rol as voedselprodusente sal benadeel.

Die Pretoria Boeremark kom in **1991** tot stand. Die konsep van die Boeremark berus op 'n verkorting in die prysketting tussen die produsent en die verbruiker, wat tot beide partye se voordeel strek.

In **September 1979** verklaar die Minister van Landbou, Hendrik Schoeman, dat die **TLU** deur die regering erken word as die spreekbuis van die boere-gemeenskap van Suid-Afrika.

Die **TLU SA** Gebou in Silverton, Pretoria is in **1970** voltooi en betrek.

'n **TLU**-droogtefonds is gedurende **1962** in die lewe geroep na 'n vyf jaar lange droogte en herhaaldelike uitbreking van bek-en-klouseer in Transvaal.

1993 - 1994

Die **TLU** waarsku in **1994** dat die voorgestelde Wet op Grondhervorming groot konflikpotensiaal inhou wat nadelig kan inwerk op beleggersvertroue en die land se groeikoers. Die ledetal van **TLU** toon steeds groei ten spyte van 'n daling in die aantal boere in die land as gevolg van ongunstige ekonomiese- en klimaatstoestande.

Euufeesjaar **1997**

**TLU** en **SALU** se paaie skei as gevolg van verskille in beleidsrigtings. In **April 2002** word **TLU** 'n nasionale organisasie. **TLU** se naam word in **2002** na **TLU SA** verander.

'n Inisiatief van **TLU SA** bring op **2 September 2009** 'n Nasionale Waterforum tot stand.

'n Nuwe terrein vir die Pretoria Boeremark word in **2017** gekoop nadat dit sedert die vroeë negentigs uitsonderlike groei toon en dien as 'n boeremarkkonsep wat landswyd in verskillende vorms toegepas word.



Op **23 Maart 1995** word 'n spesiale Jongboer-konferensie by die Rooievallei Country Lodge naby Pretoria aangebied.

**TLU** bied in samewerking met die Landbouwerkgewersorganisasie op **17-18 Maart 1999** 'n internasionale kongres oor eiendomsreg in Pretoria aan.

**TLU SA** maak in **2005** konstruktiewe voorstelle aan die regering oor hoe grondoordrag op ekonomiese gronde gehanteer behoort te word. Die voorstelle sou voordelig vir alle rolspelers wees, maar dit is nie deur die regering aanvaar nie.

**TLU SA** en Solidariteit gee die boek Treurgrond uit. **TLU SA** se statistiek oor plaasaanvalle en -moorde sedert **1990** is hierin vervat.